

BenguFarm™

BEEF

ADVANCED BEEF CATTLE MANAGEMENT SOFTWARE



BenguFarm BEEF is 'n onafhanklike vleisbeesbestuur sagtewarepakket wat spesifiek ontwikkel is vir die behoeftes van die **Suid-Afrikaanse beesboer**. (Hierdie sagtewarepakket was vroeër bekend as BeefPro, maar is hernoem ("re-branded") na BenguFarm BEEF).

Die program maak voorsiening vir **alle aspekte van kuddebestuur**, van aankope, dekkings, dragtigheidsondersoeke, kalwings, gewigte, prestasietoetsing, stambome, inentings, siektes, beserings tot verkope en vrektes. Dit het selfs 'n baie handige reënvalkalender. Diere kan aan **kalfseisoen-, kamp- en bestuursgroepe** gekoppel word, wat die boer self kan opstel. Die groepe maak dit moontlik om diere maklik en vining te selekteer om op 'n skerm te vertoon en in verslae en lyste in te sluit. Diere kan maklik tussen kampe verskuif word om rekord te hou van watter diere in watter kamp is of was.

Die program is ewe geskik vir **kommersiële en stoetkuddes**. Die paar funksies wat slegs deur stoettelers benodig word, kan verberg word vir kommersiële kuddes om die program eenvoudig te hou en gebruiker-aanpasbaar te maak.

BenguFarm BEEF is **ontwikkel deur BenguelaSoft BK**. Dit is **een van die vyf modules van die BenguFarm bestuursagteware** pakket. Al hierdie modules is ontwikkel op dieselfde basis, wat beteken dat iemand wat reeds een module ken, baie maklik een van die ander modules sal bemeester. BenguelaSoft se ontwikkelingsaanslag is gebruikersgedrewe, wat beteken dat gebruikers se versoeke en voorstelle in ag geneem word in die **voortdurende ontwikkeling** van die sagteware.

Kundigheid van verskeie instansies en persone in die bees bedryf het insette gelewer met die ontwikkeling van die program om te verseker dat dit aan alle boere en instansies se behoeftes voldoen.

Gewigte kan direk van die meeste elektroniese skale ingetrek word en **fotos** kan by 'n dier gelaai en vertoon word. **Notas en opmerkings** kan aangeteken word. Die program het ook 'n interne **dagboek en bestuurskalender** wat die boer kan opstel volgens sy spesifieke behoeftes.

Vir die stoetteler is daar, behalwe vir bogenoemde, ook voorsiening vir embriospoelings en inplantings, inspeksies, visuele punting, ensovoorts. **Registrasie- en prestasiedata kan ook baie maklike opneem en gestuur word** in die regte elektroniese formaat aan SA Stamboek, Breedplan, die LNR en die Namibiese Stoettelersvereniging. Verder is daar ook 'n opsionele **Genetics** module

wat stoettelers in staat stel om met behulp van teelwaardes en stambome die beste parings te bepaal volgens teeldeelwitte wat hy self opstel vir sy kudde.

BenguFarm BEEF **bereken verskeie reproduksie- en prestasie-eienskappe** op presies dieselfde wyse as die Logix stelsel van SA Stamboek en die Intergis stelsel van die LNR. Hierdie waardevolle inligting kan deur die boer gebruik word vir seleksie, teling en bestuur van sy diere. **Inteling** kan ook bereken word vir bestaande diere en beplande parings.

Die program beskik oor **meer as 50 verslae en aanteken (kraal) lyste** vir algemene bestuur, gesondheidsbestuur, teling, prestasietoetsing, seleksie, verkope en kudde-administrasie. Die teelkudde-seleksieverslag is byvoorbeeld baie handig om koeie en verse maklik en vinnig te selekteer op reproduksie- en produksiesyfers volgens norme wat die boer self kan kies volgens sy eie standaard. BenguFarm BEEF maak ook voorsiening dat die boer baie maklik sy eie verslae kan opstel en stoor vir latere gebruik.

Die program is **Windows 7 en -8 versoenbaar**, kan in **Afrikaans of Engels** opgestel word en kan vir **meer as een kudde** en op **meer as een rekenaar** van dieselfde eienaar gebruik word sonder enige addisionele koste. Die program is **maklik om te gebruik** met behulp van 'n gebruikersvriendelike handleiding en stap-vir-stap hulp funksies op al die skerms.

BenguFarm BEEF beskik oor uitgebreide **datakontrolering** funksies om te seker dat slegs korrekte data opgeneem word en, vir stoettelers, gestuur word na die betrokke diensverskaffer, byvoorbeeld SA Stamboek, die LNR of Breedplan.

Met behulp van die **BeefCattleTrader.com** funksie in BenguFarm BEEF kan die boer te-koop diere baie maklik en boonop gratis adverteer op die internet.

'n **Span van agente** verskaf opleiding en ondersteuning aan BenguFarm sagteware kliënte in die meeste provinsies, wat beteken dat hulp net 'n oproep ver is.

Vir meer inligting oor die program, gereelde vrae ("FAQ"), kommentaar van boere wat die program gebruik, voorbeelde van verslae, ensovoorts, besoek gerus ons webwerf www.bengufarm.co.za of skakel Mnr. Leslie Bergh by +27 82 801 2026 of epos leslie.bergh@vodamail.co.za.

---OOO---